CON SPIRITO

www.conspirito.co.za

ALGEMENE REËLS EN RIGLYNE: KORE, SÊRRIEGROEPE & SANGGROEPE

1. Kore skryf in vir enige van die onderstaande kategorieë.

2. 'n Bepaalde werk mag nie in meer as een afdeling aangebied word nie.

3. Werke van kontrasterende style moet aangebied word.

4. Transposisie is toelaatbaar.

5. Maak deurgaans van eie keuse gebruik maar maak seker die standaard pas by die ouderdomsgroep. Die standaard van die werke sal by die beoordeling in aanmerking geneem word.

6. 'n Afskrif van die koorwerke moet voor die optrede aan die beoordelaar oorhandig word.

7. Begeleiding deur middel van klavier of enige ander musiekinstrument, asook klankbane is toelaatbaar. (Dui dit aan op die inskrywingsvorm.)

8. **INSKRYWINGSFOOIE:**
   - Program – R450 per koor
   - Ander items – R160 per per item of lied

9. Kategorieë:

   9.1. **Koorprogram** van 5 tot 10 minute, wat bestaan uit:
   - (1) Gewyde lied, (2) Ligte lied en (3) Tradisionele Afrikalied
   - Een lied moet a capella gesing word.
   - Maak gebruik van minstens twee verskillende tale.

   9.2. **Individuele kooritems** se keuses is die volgende:
   - Eenstemmige lied
   - Tweestemmige lied
   - Meerstemmige lied (3 stemme of meer)
   - Afrika werk
   - Klassieke kontemporêr
   - Ligte kontemporêr
   - Gewyde lied
   - Volkslied

10. **Sanggroep of sêrriegroep:** Eie keuse (tydsduur 8 tot 14 minute)